# POLICY 039/2015 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: VERVANGING EN HERSTEL VAN VOORAF-VERVAARDIGDE ELEKTRIESE DISTRIBUSIE PANELE (*"READY BOARDS"*) IN HUISE VAN HULPBEHOEWENDE VERBRUIKERS

REFERENCE/VERWYSING: 5.12.14

RESOLUTION NO/BESLUIT NR: 16.16/12/2015

DATE/DATUM: 3 Desember 2015

BELEIDSOOGMERK: Om die vervanging en herstel van voorafvervaardigde elektriese distribusie- panele in die huise van hulpbehoewende verbruikers in die Raad se elektrisiteits-verspreidingsgebied te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad wil verseker dat hulpbehoewende verbruikers in die Raad se Elektrisiteitsverspreidingsgebied elektrisiteit op 'n veilige wyse in hul huise kan gebruik.

RIGLYNE

1. Foutiewe voorafvervaardigde elektriese distribusiepanele moet aan die Afdeling Elektriese Dienste rapporteer word.

2. Foutiewe voorafvervaardigde elektriese distribusiepanele in die huise van persone wat op die hulpbehoewende register registreer is moet vervang word of tot 'n veilige toestand herstel word.

3. Die herstelwerk wat gedoen word moet voldoende wees om die voorafvervaardigde elektriese distribusiepanele veilig te maak vir gebruik en moet aan toepaslike wetgewing voldoen.

4. Voorafvervaardigde elektriese distribusiepanele wat met opset beskadig is moet nie op Raadskoste herstel word nie.

5. Voorsiening moet op die bedryfsbegroting gemaak word vir die herstel van voorafvervaardigde elektriese distribusiepanele.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Die Afdeling Elektriese Dienste moet 'n register hou van foutiewe voorafvervaardigde elektriese distribusiepanele wat rapporteer word.

2 Die Afdeling Elektriese Dienste moet vasstel of die bewoner van die adres waar die foutiewe voorafvervaardigde elektriese distribusiepaneel is, op die Raad se hulpbehoewende register registreer is. Indien die persoon registreer is, moet die voorafvervaardigde distribusiepaneel herstel word. Persone wat nie op die Raad se

hulpbehoewende register registreer is nie, moet ingelig word dat hulle self vir die herstel van die paneel verantwoordelik is.

3 Die Afdeling Elektriese Dienste moet die voorafvervaardigde distribusiepaneel ondersoek om te bepaal watter herstelwerk benodig word en reël dat die herstelwerk gedoen word, deur 'n geregistreerde elektriese kontrakteur, wat 'n Sertifikaat van Nakoming in terme van die Elektriese Installasie Regulasies van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid,1993 [Wet 85 van 1993] kan uitreik.

4 Indien tydens die ondersoek bevind word dat die voorafvervaardigde elektriese distribusiepaneel met opset beskadig is en onveilig is om te gebruik, moet die krag na die huis afgeskakel word totdat die inwoner dit self tot 'n veilige toestand laat herstel het deur 'n persoon wat registreer is om 'n Sertifikaat van Nakoming vir die werk uit te reik.

5 Die Afdeling Elektriese Dienste moet jaarliks op die bedryfsbegroting voorsiening maak vir die herstel van voorafvervaardigde elektriese distribusiepanele.

ROLLE
Afdeling Elektriese Dienste.
Direktoraat Finansiële Dienste.

VERWANTE BELEID
Indigent Management Policy.

HERROEPING/WYSIGING
Dat alle vorige besluite in hierdie verband herroep word.